

Donderdag 19 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 2:1-18

Fokusgedeelte: Matteus 2:16-18

Die langverwagte Koning het gekom ... soos voorspel is! (2)

Die kindermoord in opdrag van Herodes, wat eintlik veronderstel was om seker te maak dat die Jesuskind nie sal oorleef nie ... Wat 'n onbeskryflike tragedie. Menseseuns van twee jaar en jonger in Bethlehem en die hele omgewing word afgemaai. Want onder hulle, so het die magsugtige Herodes gedink, sou Jesus ook tel. En met Hom uit die pad, kon Herodes selfvoldaan sý pad loop. Sy mag laat geld. Koning wees en bevel voer. Reëls maak. 'n Herodes-koninkryk in ere hou.

Die lewe en wêreld van mag- en eersug. In die lewe van maghebbers én onderdaanmens. Met geen grens en perk om my eie koninkryk te laat realiseer nie. Kindermoord in vele gestalte! Mense en hulle lewe. Eiebelang en voorkeur. En Herodes wat Psalm 2 se woorde nie verstaan het nie ...

*“O heersers van die aarde gee dan ag,
want julle moet Hom onderdanig wees;
die Here moet gedien word met ontsag,
eerbiedig, en met siddering en vrees.”*

Maar die woorde van Jeremia 31:15 word waar. Die Jeremia-teks en die Matteus-woord op een bladsy in die werklikheid. Die kindermoord van die farao destyds en Ragab wat die smart van moeders verklank. En die vrouens in Bethlehemstad en omgewing treur saam.

Maar die langverwagte Koning oorleef! By die tweejaar-merk verby om 33 jaar op aarde te kan lewe. Om as God se eerstelingskind uiteindelik te sterf, nie op Herodes se bevel nie, maar sy Vader se bevel. En Ragel huil en Ragel jubel. Die Seuntjie lewe! Jesus, die Koning in tyd en ewigheid. Hy het die kindermoord oorleef sodat mensekinders (van alle ouderdomme) kan lewe!

Ragel se weeklag was die voorsang tot elke Godskind se lofsang:

*“Jesus lewe en daarom
wek Hy ons tot nuwe lewe.
Nou sluit Hy die toekoms oop.
Hy gee my 'n vaste hoop ...”*

Sing: Psalm 18-1:1

Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)